



NUWE JERUSALEM

Kerke wêreldwyd

Pastoor Tony Alamo

Die Alamo Christennasie

Volume 17800

DIE VERSKIL TUSSEN VERLOSSING EN GODSDIENS

deur Tony Alamo


Daar is baie meer godsdienstige mense in hierdie wêreld as mense wat deur die Heilige Gees verlos en wedergebore is. Die Bybel sê vir ons in soveel woorde dat godsdiens van die duiwel is, maar verlossing van die Here!¹

Die verskil tussen geloof in Christus en geloof in godsdiens is deur in Christus te glo, dit God is wat die mens soek. Met ander woorde, dit is God wat die mens gesoek het en nog steeds soek. God het eerste met Adam, Kain, Set, Henog, Noag, Abraham, Isak en Jakob in die Ou Testament gekommunikeer. In die Nuwe Testament het Hy eerste met Matteus, Johannes en die Apostel Paulus gekommunikeer. In 1964 het Hy met my gekommunikeer en sedert die Bybelse tye, en tot vandag toe was daar baie ander. Met ander woorde, God het al die ramme, die leiers van Sy familie, gesoek en hulle gestuur om die skape uit te soek wat in die toekoms die laaste verlostes sal wees, diegene wat die ewige lewe in die Koninkryk van die Hemel saam met God die Vader, Christus, Sy

eniggebore Seun en die Heilige Gees sal deurbring.

Christus het vir Sy dissipels opdrag gegee, en vir almal van ons, om ander te soek om Sy dissipels te wees sodat hulle dieselfde kan doen.² Dit het Hy gedoen in Matteus 28:18-20 met die volgende woorde: "Aan My is alle mag gegee in die Hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: [onderdompel hulle ten volle]³ in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Amen." Dit is Christus wat die mens soek, nie die mens wat God soek nie. Die mens wat God soek is "godsdiens", maar wanneer God die mens soek, is dit "verlossing".

Alle godsdienste vereis dat ongeredde mense na God soek, of wat hulle dink God is. Wat is godsdiens? Godsdiens is die mens se geloof in, en verwysing na, wat hy dink God is. Dit is in die mens se bewussyn dat daar 'n god



Tony en Susan Alamo, orkes en koor op hulle televisieprogram in die 1970's en vroeë 1980's

van een of ander aard is, maar hulle het geen idee van die een ware God nie. Dit is waarom Jesus, in Matteus 28:19 vir Sy dissipels van daardie tyd, en vir al Sy dissipels tot op hede, gesê het: "Gaan dan na al die nasies toe en MAAK DIE MENSE MY DISSIPELS [van die ware God wat hulle moet aanbid, en dat hulle slegs Hom moet aanbid en dien] en doop [heeltemal onderdompel in water] hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

Om in die Hemel te kom, moet ons volmaak wees.⁴ Ons kan volmaak wees, want God beveel ons om volmaak te wees, en God sal ons nooit beveel om enigiets te wees wat vir ons onmoontlik is om te wees nie.⁵ Jesus sê in Matteus 5:48, "Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is." As ons in die Heilige Gees wandel, is ons

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Jes. 1:11-16, 29:13-14, Jer. 7:8-11, 23:33-40, Eseg. 13:1-23, Miga 3:11, Matt. 6:5, 7-8, 7:21-23, 15:7-9, 21:28-32, 23:1-37, Luk. 6:46, 18:10-14, Joh. 5:40, 6:35-58, 10:1-15, 14:6, 15:2, 2 Tim. 3:1-7, Titus 1:16, Jak. 2:19 ² Dan. 12:3, Matt. 10:7-8, 28:19-20, Luk. 24:46-48, Hand. 1:8, 2:38-41, 10:39-43, Rom. 7:4, 10:13-15, 1 Kor. 1:17-18, 21, 9:16-17, Ef. 3:2-10, Kol. 1:25-29, 2 Tim. 4:2, 5 ³ Matt. 28:19, Rom. 6:3-5, Kol. 2:10-12 ⁴ Deut. 18:13, 1 Kon. 8:61, Ps. 119:1-3, Matt. 5:48, 2 Kor. 13:11, Ef. 4:11-13, 5:25-27, Fil. 3:12-15, Kol. 1:21-22, 1 Tim. 6:14, 2 Tim. 3:16-17, Jak. 1:4, 1 Joh. 3:6-10, Op. 21:7, 27 ⁵ Gen. 17:1, Lev. 11:44-45, 19:2, 20:26, Deut. 18:13, 1 Kon. 8:61, Ps. 15:1-5, 24:3-5, 119:1-3, Joh. 17:17-23, Rom. 6:4-14, 8:1, 14, 37, 2 Kor. 6:14-17, 13:11, Gal. 5:16, Ef. 4:11-13, 5:25-27, 6:10-18, Fil. 1:9-11, 2:12-15, 3:12-14, 4:13, Kol. 1:10-11, 21-22, 1 Tess. 4:6-7, 1 Tim. 6:11-14, 2 Tim. 3:16-17, Heb. 2:18, 12:14, 13:20-21, Jak. 1:4, 27, 1 Pet. 1:15-16, 5:8-10, 1 Joh. 2:14, 3:5-10, 4:4, Op. 3:1-5, 7:13-15

DIE VERSKIL TUSSEN VERLOSSING EN GODSDIENS

(Vervolg vanaf bladsy 1)

volmaak. Romeine 8:1-2 sê, “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie [geen Hel, geen gloeiende vuur], vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die gees. Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van sonde en die dood.” Let op dat hierdie skrifgedeelte nie sê ons kan vry wees van die morele wet nie. Ons kan slegs vry wees van die wet van sonde en dood. Die wet van sonde en dood sê dat as ons die morele wet verbreek nadat ons deur die Gees wedergebore is, daar geen offer (vergifnis) vir sonde oorbly nie.

Hebreërs 10:26-31 sê hieroor: “Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Daar bly slegs ’n verskriklike verwagting oor van oordeel en ’n gloeiende vuur wat die teenstanders [die vyande] van God sal verteer. As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het? Ons weet tog wie is Hy wat gesê het: ‘Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld’; en verder: ‘Die Here sal oor Sy volk oordeel.’ Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.” Dit is waarom vrees vir die Here die begin van wysheid is.⁶ Ons moet doen wat Hy sê, om weg te bly van godsdienste af, en om weer gebore te word deur die Gees. Dit is om te verstaan van wat Hy van ons wil hê, en vrees vir die Here is begrip.

In Johannes 3:5 het Jesus vir Nikodemus gesê hy moet van die Gees gebore word. Jesus het nooit gesê jy

moet een of ander godsdiens aanhang nie. Om in Christus te glo is glad nie soos enige soort godsdiens nie. Weereens, om in Christus te glo is God wat na die mens soek, wat begeer dat die mens Hom dien.

Mense vra dikwels, “Wat is die verskil tussen Christenskap en godsdiens?” Hulle kan vra: “Is Christenskap ’n godsdiens?” Om hierdie vraag eerlik te antwoord, sou ek sê Christenskap is nie ’n godsdiens nie. Ware Christenskap is verlossing. Hoewel Christenskap deur die geestelike onverligtes as een van die vyf grootste godsdienste in die wêreld beskou word, is geloof in Christus eintlik nie geloof in ’n godsdiens nie. Ons kan dit ook verduidelik deur te sê dat diegene wat waarlik in Christus glo, Christene is, nie volgelingen van enige veronderstelde Christelike godsdiens nie. Godsdienste het tot op hede ’n geskiedenis van geweld teen Christenskap.

Die Rooms-Katolieke kerk het miljoene mense vermoor tydens die drie verskillende inkwisisies. En hulle het baie ander mense oor die afgelope tweeduisend jaar vermoor, soos tydens die Waco-slagting, waar baie kinders saam met hulle moeders en vaders vermoor is. Hierdie soort optrede deur die Rooms-Katolieke kerk gaan tot vandag toe nog voort.

Ons kan terugkyk na die Spaanse Inkwisisie, asook baie ander wreedhede deur die Vatikaan. Dit sluit die sesmiljoen Jode wat in Auschwitz en ander Nazi-konsentrasiekampe

vermoor is, in. Die huidige oorlog teen Christenskap kom van die Vatikaan af.⁷ Eiendom van honderde miljoene dollar is van baie van ons weggeneem en baie van ons wat ware wedergebore Christene is, dien lewenslange tronkstraf uit weens valse beskuldigings van die Katolieke godsdiens. Ek praat nie van die klein ou Katolieke mammas en pappas wat Rooms-Katolieke kerk-kultusse bywoon nie. Hulle is net so onkundig oor hierdie feite as die res van die bevolking van hierdie huidige wêreld. Wat ek sê, is nietemin waar.

Terwyl die Katolieke en Lutherse klokke in Pole gelui het, is miljoene onskuldige mense in Duitse gaskamers en oonde vermoor en toe met stootskrapers in groot putte (massagrafte) ingestoot. Sommiges, het ek gehoor, het nog gelewe. Die wagte het dit alles gesien en gehoor.⁸ God het dit alles gesien, en God het dit alles gehoor.⁹ Dank die Here vir die Oordeelsdag, wat binnekort gaan kom.¹⁰

Lukas 12:1-5 lui: “Die mense het intussen by duisende saamgedrom en mekaar vertrap. Toe het Jesus begin praat en Hom in die eerste plek tot sy dissipels gerig: ‘Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs [die godsdienstige

⁷ Dan. 7:7, 19-27, Op. 13:1-7, 17:1-18 ⁸ Jer. 4:16, Dan. hfst. 4, Matt. 13:24-30, 36-43, 47-50, 24:29-31, Luk. 15:4-10, 1 Kor. 11:10, 1 Tim. 5:21, Op. 14:13-20 ⁹ Deut. 31:21, 2 Kon. 19:27, 1 Kron. 28:9, Job 31:4, 34:21-22, 25, Ps. 44:21, 139:1-6, 12-16, Spr. 15:3, 11, Jes. 29:15-16, Luk. 16:15, Heb. 4:13, 1 Joh. 3:20 ¹⁰ Pred. 12:13-14, Dan. 7:9-10, Matt. 3:12, 24:3-15, 29-44, Mark. 4:22, Rom. 2:5-13, 16, 14:10-12, 2 Kor. 5:10-11, 2 Tess. 1:7-10, 2 Tim. 4:1, 8, Heb. 10:30-31, Jud. 14-15, Op. 1:7, 11:18, 20:11-15

Demokratiese Republiek van die Kongo

(Vertaal uit Frans)

Ons word gereken as deel van jul bediening!

’n Dapper mens neem standpunt in. Ek sien in hierdie literatuur dat jy ’n soldaat vir Christus is deur die manier waarop jy hierdie anti-Christelike, polisiestaat-regering beskryf. Dit bewys dat jy dapper is. Lê ’n bietjie dapperheid aan die dag, en jy weet dat jy ’n oorwinnaar is.

Die donasie van literatuur sal verwelkom word. Geseënde Paasfees aan al die Christene van die Alamo-bediening.

Zigashane Maroyi Israel

Provinsie Sud-Kivu, Demokratiese Republiek van die Kongo

Jode], dit is hulle huigelary [sonde]. Daar is niks bedek wat nie onthul sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie. Daarom, alles wat julle in die donker gesê het, sal in die daglig gehoor word [deur die bewakers en God]; en wat julle agter geslote deure vir iemand in die oor gefluister het, sal van die dakke af uitgebasuin word. Aan julle my vriende sê Ek: Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak en daarna niks verder kan doen nie. Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees: vir Hom wat mag het om, ná die dood, in die Hel te werp. Ja, Ek sê vir julle, Hóm moet julle vrees [God Almagtig].”

Adam het nie geweet wat om te doen nie. God het na hom toe gekom. God het vir hom gesê om van die boom van die Lewe te eet om vir ewig te lewe, maar toe eet hy van die boom van kennis van goed en kwaad,

waarvan God gesê het hy mag nie eet nie.¹¹ Weereens, God het na Adam gekom met die kennis van verlossing, maar Adam het Satan se godsdien (kennis) verkies. God kom ook na die hele wêreld, na jou ook, met die kennis van verlossing, maar net soos vlooie aan diere en mense vasklou, sal jy waarskynlik eerder aan een of ander Satanistiese godsdien vasklou, nie waar nie?

God het na Set toe gekom met die kennis van verlossing, en Set het God begin dien. Toe kom God na Henog toe, wat saam met God gewandel het en God neem hom saam Hemel toe om saam met Hom te wees.¹² Toe kom God na Noag toe.¹³ Noag het nie na God toe gekom nie, net so het nie een van die ander nie. God het na hulle toe gekom. Abraham was ’n afgodsdienaar,

¹¹ Gen. 2:16-17, 3:1-6 ¹² Gen. 5:22-24, Heb. 11:5
¹³ Gen. 6:11-18, 22, Heb. 11:7

’n lid van ’n godsdien, maar God het na hom toe gekom. Abraham het nie na God toe gekom nie.¹⁴ Moses het nie na God toe gekom nie; God het verskyn en na Moses toe gekom.¹⁵ God het na honderde ander mense toe gekom, soos die dissipels. Hy het na die apostel Paulus, ’n godsdien syweraar, toe gekom en veroorsaak dat hy gered word.¹⁶ Paulus het bruikbaar geword vir God en sy verlossing. Hy het ’n goeie stryd teen die bese magte gestry en ook ongeveer twee-derdes van die hele Nuwe Testament geskryf. Dit alles het te doen met ware verlossing.

In Daniël is die drie Hebreeuse kinders (Sadrag, Mesag en Abednego) almal in die brandende oond gegooi omdat hulle nie die koning se goue afgod wou aanbid nie – omdat hulle geweier het om aan die koning se godsdien te behoort.¹⁷ “Toe die goewerneys-generaal, die goewerneys, die administrateurs en die raadgevers van die koning nader kom, sien hulle aan die manne dat die vuur niks aan hulle liggame kon doen nie, dat hulle hare op hulle koppe nie eens geskroei was nie en dat hulle klere niks makeer nie; jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie. Toe sê Nebukadnesar: ‘Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat sy engele gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het, en wat hulle liggame oorgegee het om geen ander god [enige godsdien] te dien of te aanbid nie, behalwe hulle God” (Daniël 3:27-28). In die Nuwe Testament het die apostel Johannes ’n soortgelyke ervaring deurstaan. Hy

(Vervolg op bladsy 4)

¹⁴ Gen. 12:1-8, 17:1-9, Hand. 7:2-3, Heb. 11:8 ¹⁵ Eks. hfst. 3, Hand. 7:29,34 ¹⁶ Hand. 9:1-22, Gal. 1:13-19
¹⁷ Dan. hfst. 3



Alamo Bedienings Aanlyn
www.alamoministries.com

Malawi

Liewe Tony Alamo-bediening

Wees eerstens gegroet in die naam van die Here Jesus Christus. Ek hoop en glo dat dit goed gaan met julle. Hier by ons gaan dit goed. Die Here lei ons dag en nag.

Wanneer ons die literatuur van Tony Alamo versprei en daaroor getuig, word ons altyd geraak deur die Heilige Gees soos dit in Handeling 1:8 en Markus 16:15-16 staan, want die Almagtige God het aan pastoor Tony die mag gegee om die hele wêreld te bereik deur die verspreiding van literatuur, Bybels, en boeke. Soos ons dus hierdie mag by die strate uitkry, keer mense soos Moslems, Hindoes, Jehova-getuies, ens, in dorpe, landelike gebede en ook in die tronke regtig na God toe.

Hier in Malawi dra ons Pastoor Alamo elke dag in ons gebede op, dat, hoewel hy in die tronk is, hy eendag vrygelaat sal word in die naam van die Here. Die prokureurs verander die verhoordatum, hy het sy sig verloor, maar hy hoef nie bekommerd te wees hieroor nie, want God is bekwaam en eendag gaan hy oor al hierdie moeilike tye kom. Job en Josef is ook deur moeilike tye. Josef is deur sy familie verkoop, maar God het hom opgehef. Dus, al neem die Amerikaanse regering Pastoor Alamo deur moeilike tye, is God in beheer. Eendag sal alles regkom in die naam van die Here.

Ons bid dag en nag vir jou, en ons vas totdat Tony uit die tronk vrygelaat word.

Dienswillig in die Here,

Pastoor Danileck Harry Mitepa

Tony Alamo-bediening, Blantyre City, Malawi, Afrika

DIE VERSKIL TUSSEN VERLOSSING EN GODSDIENS

(Vervolg vanaf bladsy 3)

is in kokende olie gegooi en het nie gebrand nie. Hy het ook nie daarin gesterf nie.

Dit is wonderlik dat, deur die hele Bybel, wanneer 'n persoon met God in aanraking gekom het, dit altyd gebeur het omdat God eerste met hom in aanraking gekom het. God het ook eerste na Job toe gekom en toe het Job Hom gedien. Daar is nie een geval in die Bybel waar 'n persoon God gedien het omdat hy eerste daaraan gedink het om God te dien nie. Die hele Bybel praat net daarvan dat God die mens kom soek het. Eendag het Jesaja 'n visioen gehad en 'n stem van die Here hoor sê: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees? Ek het geantwoord: 'Hier is ek! Stuur my!'" (Jesaja 6:8). Nadat Jeremia 'n visioen gehad het, het hy opgestaan om aan die Israeliete die woorde te profeteer wat Jehova hom beveel het om te sê (Jeremia 1:4-19). Daniël het ook 'n visioen gehad voordat hy opgestaan het om te vas en te bid en Jehova te smee om Jerusalem te herstel (Daniël hoofstuk 7-9). Die hele Bybel wys vir ons dat God eerste na die mens kom voordat die mens God begin dien.

God kom in aanraking met jou deur my en ander geredde pastore en evangeliste wat gered is, en daarom het jy geen verskoning nie. Die Gees van God, wat in en deur ons wat verlos is woon en werk, is op jou spoor om met jou in aanraking te kom, nie vir 'n godsdiens nie, maar vir jou verlossing en die verlossing van ander.

Romeine 10:12-15 stel dit duidelik in die volgende woorde dat predikers wat van God gestuur is, na die wêreld toe gestuur moet word sodat mense in verlossing moet glo: "Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek [nie-Jood] is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën

almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as jy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: 'Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.'"

Weereens, Jesus het ons na jou toe gestuur. God soek na jou, jy soek nie na God nie. Hierdie feit word aan jou geïllustreer in Lukas 10:1-12, wat lui: "Daarna het die Here twee en sewentig ander [dissipels] aangewys en hulle twee-twee voor Hom uitgestuur na elke dorp en plek waarheen hy van plan was om te gaan. Hy het vir hulle gesê: 'Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan tot die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy

oes. Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in. Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene saamdra nie, en groet niemand langs die pad nie. As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees; 'Vrede vir hierdie huis.' As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom. Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde huis, eet en drink wat vir julle voorgesit word, want die arbeider is geregtig op sy loon. As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: 'Vir julle is die koninkryk van God baie naby!' Maar as julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in die strate en sê: 'Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby.' Ek sê

Haïti

(Vertaal uit Frans)

Liewe pastoor Tony Alamo, dienaar van God

Mag die Here Jesus jou toenemend help met elke aspek van jou bediening, veral met evangelisasie om deurentyd siele vir Jesus regdeur die wêreld te wen. Ons is baie dankbaar vir die pakkies (literatuur, Messias-boeke en Bybels) wat jy vir ons gestuur het om die Evangelie van Jesus Christus te laat floreer. Dankie. Daar is iemand in die Hemel; die Here het daarvan kennis geneem. Die *Groupe Fiancée De Christ* gaan binnekort vir jou 'n verrassing in die pos stuur om jou aan te moedig in die werk van die Here Jesus. Laat weet ons wanneer jy hierdie verrassing ontvang het.

Ons wil die literatuur in die vorm van evangelisasie op die volgende datums versprei: 1, 2, 7, 8 en 10 April 2013. Ons noem dit Die Groot Evangelisasieveldtog by Pont-Rouge. Daar sal twee dae van opelugdienste met 'n klankstelsel wees en drie dae van evangelisasie vir die Here. Help ons asseblief in gebed, want die duiwel voer oorlog teen ons, maar die oorwinning is ons s'n.

Wanneer ons literatuur gedoen is, sal ons jou laat weet om weer vir ons te stuur.

Ons bid voortdurend vir jou, en moenie bekommerd wees nie, want jy skuil by die Here. Die oorwinning is jou en jou familie s'n.

Bly altyd in heiligmaking, voorbede, vas en broederliefde. Verlos jouself van hierdie verdorwe generasie.

Cesar Francis Junior

Algemene koördineerder (*Groupe Fiancée De Christ*)

Pont-Rouge, Haïti

vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp.”

Diegene wat in 'n godsdienst glo, neem die inisiatief om te dien wat hulle dink 'n god is, terwyl diegene wat in Christus glo, God dien nadat hulle deur God aangespoor en aangeraak is. Daarom sê ek dat mense nie haastig moet wees om 'n god te dien wat 'n versinsel is net om 'n godsdienst aan te hang nie. Ons dien God slegs wanneer Hy, deur Sy Gees, binne ons is.¹⁸ As ons God dien sonder dat God eerste in ons woon, stel ons belang in 'n godsdienst eerder as in verlossing. Figuurlik gesproke hang baie mense vandag die bordjie “Christen” om hulle nekke,

terwyl hulle eintlik by 'n godsdienstige saak betrokke is. Hulle dink hulle is Christene, maar eintlik is hulle slegs godsdienstig.

Hoe is dit om 'n Christen te wees? 'n Christen is iemand in wie Christus leef en werk deur die Gees, en wat deur die Heilige Gees meegevoer word om God te dien.¹⁹ Daarteenoor is 'n godsdienstige persoon iemand wat glo hy dien 'n god en graag wil doen wat hy dink sy god wil hê hy moet doen. Dit is die situasie van baie belyde Christene vandag. Hulle bely Christenskap, maar hulle is nie wedergebore nie. Hulle is nie gered nie, so hulle ken nie vir Christus nie en hulle het geen idee hoe om Hom te dien nie. Hulle kan Christus nie volg

nie, want hulle kan Hom nie hoor nie.²⁰ Daarom is hulle eiewys en kan die regte God hulle nie gebruik nie. Hulle is nutteloos. In die ervaring van ware Christene, is die Here egter die Een wat hulle in alles lei. Hulle sê net: “Ja. Amen.” Die Here is hulle leidsman en hulle God. Dit is heeltemal anders as die godsdienstige mense se manier.

Nadat Apostel Paulus die Here op die pad na Damaskus ontmoet het, was die eerste woorde wat hy gesê het: “Wie is U, Here?” (Paulus het geweet dit was die Here, anders sou hy nie gevra het: “Wie is U, Here”? nie.) Die Here sê toe vir hom: “Ek is Jesus. Dit is vir My wat jy vervolg. [Wanneer enigiemand die lede van Christus se kerk vervolg, vervolg hulle vir Christus. Dit is waarom ons Sy liggaam, Sy tempel, die Liggaam van Christus is].” Een Korintiërs 3:16-17 sê vir ons: “Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God [die Here se liggaam, wat ons is] beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.” Dit is Heilig, want jy volg nie 'n dooie godsdienst nie, een waar Christus met die Vader deur die Gees nie in jou woon nie, maar jy is gered, 'n wedergebore Christen. Christus deur die Vader, deur die Gees, woon in jou wat, as jy gered is, die tempel van God is. Dit is waarom die Liggaam waarin God woon, Heilig is, en die liggaam waarin God nie woon nie, is nie Heilig nie, maar onheilig. Jy sal sekerlik veral Heilig wil wees wanneer jy voor die oordeelsbank van God te staan kom.

Die wêreld is vol afleidings en wegkerings. Hierdie is Satan se afleidings wat jou gedagtes laat afdwaal van die enigste belangrike ding in die heelal: om jou siel in die diens van God te hou en om Christus saam met Sy Vader in jou te laat woon. “Moenie op mense staatmaak nie: hulle blaas so maklik die laaste asem uit. Hulle is min werd” (Jesaja 2:22).

Jy het 'n keuse: wil jy God se Heilige Liggaam wees, of wil jy net nog 'n
(Vervolg op bladsy 8)

¹⁸ Eseg. 36:27, Joh. 14:15-20, 23, 26, 15:1-11, 26, 16:7-14, Rom. 8:1, 10-11, 26-28, 1 Kor. 3:9, 16-17, 6:19-20, 2 Kor. 6:16-18, Ef. 2:18-22, Fil. 2:12-13, Kol. 1:27-29, 2 Tim. 1:14, 1 Joh. 4:4, 5:12 ¹⁹ Jes. 30:21, Joh. 15:1-5, 17:21-23, 26, 1 Kor. 15:10, 2 Kor. 5:17-21, Gal. 2:20, Ef. 3:16-21, 1 Joh. 2:20, 27 ²⁰ Joh. 8:42-43, 10:27

Arkansas

Pastoor Tony

Vera, 'n hotelbestuurder van New Orleans, het my 'n paar dae gelede gebel. Sy is die een wat die broers en susters help wanneer nodig, soos wanneer hulle 'n operasie moet ondergaan en na die hospitaal in New Orleans moet gaan.

Vera het nog nooit die raad vergeet wat jy aan haar gegee het toe sy probleme met haar hotelpersoneel gehad het nie. Jy het gesê: “Hoekom stel jy nie Christene aan wat 'n goeie werk soek en dan kan julle almal saam die Here soek nie? Ek glo jou besigheid sal floreer.” Vera het onmiddellik jou raad gevolg en baie vinnig was haar hele personeel Bybel-gelowige Christene wat elke dag voor hul begin werk het, bymekaar kom en saam Bybel lees en bid.

'n Wonderwerk het plaasgevind – almal het entoesiasties saamgewerk en dinge reggeruk en skoongemaak. Die hotel was so suksesvol dat dit 'n toekenning van die streekskantoor ontvang het.

Die Here het Vera ongeveer 01:00 vm. wakker gemaak die aand toe Orkaan Katrina New Orleans getref het. Hy het vir haar gesê om haar klere en 'n paar besittings in die kar te pak en dat sy en haar man na Jackson, Mississippi toe moet ry, “DADELIK, VINNIG!” Sy en haar man het die aand in die hotel geslaap, want hulle huis in Gulfport was pas verkoop.

God het toe nie net haar lewe gespaar nie, maar sy het ook borskanker oorleef. Soos jy gesê het, Pastoor Tony, sy het genade gesaai deur die broers en susters wat vir baie jare in nood was, te help, en God het aan haar genade betoon.

Sy luister na die boodskappe op CD wat God vir jou gegee het en sy wil seker maak jy weet sy is lief vir jou in die Here, en bid vir jou, en glo God sal magtige stappe neem vir jou want jy is van die Here af, en jy het soveel genade gesaai.

Prys die Here.

Merry Anne

Texarkana, Arkansas

Indië

Liewe Broers in Christus

Ek wil graag vir julle vertel, met eer aan God, dat wonderlike wonderwerke by ons byeenkomste gebeur het. Meer as 1 000 lede het deelgeneem. Tydens die byeenkomste het ek jou literatuur aan die menigte mense bekendgestel en so baie lede het die Here aangeneem.

Eer aan die Here. Almal het gebid vir ons pastoor se saak. Bid vir ons.

Jou geliefde broer,

Solman Raju Kola

Andhra Pradesh, Indië



Die Filippyne

Baie, baie dankie, Pastoor Tony, vir hierdie wonderlike artikel, “Die gekners van tande”. Aan God al die eer! Ek hou baie daarvan, want dit handel oor dissipline.

Dissipline is uiters noodsaaklik vir Christine regoor die wêreld vandag.

Pastoor Cecilio H. Asis, Jr.

Albay, Die Filippyne



Darakonda Vidya Sagar versprei Pastoor Alamo se lewensreddende literatuur wat in Teloegee vertaal is, op die platteland en in dorpe om Visakhapatnam, Andhra Pradesh, Indië

Kalifornië

Aan my broers in Christus

Ek hoop dit gaan goed met julle in Christus. Ek voel altyd geseënd om van die epos-span te hoor. Baie dankie dat julle my in jul gebede opdra. Daar gaan nie h dag verby dat ek julle almal nie in my gebede opdra nie, veral Pastoor Tony. Ek het vandag h boks vol literatuur ontvang en was so opgewonde om so h groot verskeidenheid te kry wat ek nog nie het nie. Dit was soos h kersgeskenk. Ek kon God aanvoel in die literatuur. Ek het “God het nie h ma nie” geneem en dit hardop gelees vir almal wat kan hoor. Eer aan God.

Minder as h week gelede het ek en my vrou gepraat oor hoe duur die brandstof is om na die kerk in Los Angeles te ry. En om toe jou uitnodiging te ontvang was, wel, een wat ek gaan probeer aanneem. Dit het altyd \$100 gekos om heen en weer

te ry, maar nou kos dit \$200, maar ek weet dat die God van gode en die Here der here h deur sal oopmaak as dit Sy wil is. Dankie vir daardie uitnodiging. Nadat ek in die verlede h boodskap van God ontvang het om my tasse te pak en vir 3 volle weke na die kerk te gaan, was ek so geseënd om h besoekende Christen daar te wees. En dit was, en is steeds die mees geestelike ervaring wat ek nog ooit gehad het. Die musiek was so mooi en ek kon God aanvoel met elke diens. Ek kon God voel toe ek deur die vallei kerk toe ry en ek sou dit graag weer wou beleef. Om nie eens te praat van die heerlike kos, om al die getuienisse te hoor, om met die broers op die straat te werk en te sien hoe hulle te werk gaan nie. Hulle kon enige vraag met God se Woord beantwoord, en ek het besef dat ek dit wou hê wat hulle

het. Nou, h paar jaar en harde studie later, is ek amper daar.

Die eerste ding wat hulle nuwe rock-ster-pous vir die massas gesê het, was dat hy tot die maagd Maria gaan bid – praat van die blinde wat die blindes lei en albei wat in die sloot val! Sjoel! Dieselfde ou storie. Dit is waarom ek gedink het dit is gepas om “God het nie h ma nie” te lees. Pastoor slaan altyd die spyker op die kop in my lewe. In my volgende brief wil ek h getuienis met julle deel oor VVV's, Pastoor en Susie, en hoe dit alles in my lewe gebeur het. Ek vra die Here om jou vandag en in die dae wat kom, te seën en om meer skape na die kraal te bring soos jy al so wonderbaarlik gedoen het.

Eer aan God.

Goeienag.

Broer Tom C.

Kalifornië

Zambië

Liewe Pastoor

Laat ek begin deur my waardering te betoon vir die werk waarvoor die Here Jesus Christus jou geroep het. Die eerste keer wat ek Bybelliteratuur van jou kerk ontvang het, was ongeveer Junie 2012. In totaal het ek 382 nuusbriewe en ander literatuur, 6 Messias-boeke en een KJV-Bybel ontvang. Watter uitstekende werk! Dit was fantasies en oorweldigend! Ek het nie genoeg woorde om my dankbaarheid uit te spreek nie, maar die alwetende Here is my getuie van hoeveel jou besielende literatuur in my lewe en in die lewens van ander aan wie die literatuur versprei is, beteken het.

Wanneer die Here my kans en tyd gegee het, het ek die literatuur in studentekoshuise, busse en selfs op straat en markplekke, ens versprei. Dit was óf tydens evangelisasie óf met persoonlike besoektye.

Party van my vriende (broers in die Here) het van die Messias-boeke en ander literatuur vir hulle evangelisasie gebruik wanneer en waar God hulle geplaas het. Dit beteken net dat, net soos jou besielende skrywes verskeie dele van die wêreld bereik het, o, man van God, net so bid en glo ons dat hierdie literatuur ten volle binne en buite ons land (Zambië) versprei moet word. Ja! Diegene wat oor die mantel van genade lees en glo wat duidelik in jou skrywes oor Jesus Christus verduidelik word, sal beslis gered word!

Man van God, ek kan getuig dat die geheimenisse van God se liefde wat baie goed in jou literatuur verduidelik word, wys dat jy nie net 'n pastoor en evangelis is wat brand in die Heilige Gees om God se lewe aan ander te versprei nie. Baie mense wat jou literatuur gelees het, kom terug en getuig van die krag agter Pastoor Alamo se skrywes. Hulle is verlig uit onkunde en gevul met wysheid om ernstiger met die sake van die Hemel om te gaan.

Mag die Almagtige God wat jou geroep het om hierdie uitstekende werk te doen en wat ons lewens in Sy magtige hand hou (Daniel 5:23) jou sterk en feilloos hou tot die verskyning van ons grote God en Verlosser Christus Jesus. Amen (Judas 24-25, Titus 2:11-15, I Korintiërs 1:7-9).

Daarom rig ek 'n nuwe versoek vir jou gesalfde skrywes in die toekoms indien die kerk dit volgens die aangeduide getalle kan stuur. (lys van literatuur uitgelaat)

Jou moeite en uiterste gewilligheid sal opreg waardeur word.

Van jou geroepene in Jesus Christus,

Zimba Moses

Lusaka, Zambië

New York

Tony is 'n goeie man van God. Ek ken hom al vir 43 jaar. God seën hom. Tony is reg oor die Katolieke kerk en het uiterste vervolging verduur omdat hy hom daarvoor uitgelaat het, en omdat hy 'n Messiaanse Jood vir Christus is. Tony is 'n goeie man vir Christus en is valslik tronk toe gestuur deur die satanistiese magte vir sy geloof in Christus. Ons sal almal vir hom bid. God seën jou, Tony, vir jou standpunt vir Jesus en vir jou standpunt teen satanistiese boosheid.

Ted Whitus

NY, NY

Australië

(Vertaal uit Spaans)

Aan broer Tony Alamo

Liewe Broer in Christus, ek hou regtig van jou webwerf en stem heeltemal saam met jou stellings. Ek glo dit is tyd dat ons dieper en dieper in die Skrif delf.

Asseblief, ek smee jou om vir my die boek *The Messiah* te stuur wat 333 profesieë bevat. As jy ook enige ander video of boek oor hierdie onderwerpe het wat so noodsaaklik is, stuur dit asseblief vir die gelowiges.

Baie dankie en ek sal vir jou bediening bid en hierdie waarhede bekend maak.

Seën in Christus,

Beatriz Martinez

Ferntree Gully, Victoria, Australië

Nieu-Mexiko

'n Paar jaar gelede was Peter Hernandez in die tronk en hy was baie siek – hy het 'n bringewas gehad. Die dokters het vir hom gesê hy het 90 dae oor om te leef. Hy het vir Pastoor Alamo geskryf. Pastoor Alamo het met Peter gekorrespondeer en sy geloof versterk en hom aangemoedig om uit te reik en te eis dat hy gesond moet word. Die hele kerk het vir hom gebid. Peter het 'n brief van waardering aan Pastoor Alamo geskryf, want hy het gesê die Here het Pastoor Alamo op 'n magtige manier gebruik en hy is genees. Peter wandel steeds in oorwinning, met geen gevolge van 'n bringewas wat die grootte van 'n gholfbal was nie. Die Here het hom 100% genees en kort daarna is hy vrygelaat en met sy vrou en dogter herenig.

Tydens die verspreiding van evangeliese literatuur in Las Cruces, Nieu-Mexiko het 'n paartjie van die kerk hom toevallig raakgeloop. Hy het hulle vertel dat hy onthou hoe Pastoor Alamo altyd ander in nood gehelp het, en ook sy familie gehelp het – aan hulle klere gestuur het en vir sy hele familie woonplek by die kerk gegee het terwyl hy in die tronk was. Peter het gesê Tony het hom in sy uur van nood gehelp. Hy het ook gesê hy wil vir Tony en vir die kerk van diens wees met sy regspraktyk en hy wil ons literatuur in sy gebied versprei.

Verenigde Koninkryk

Wanneer broer Tony praat, begin die Vatikaan in haar skoene bewe. Jy het die duiwel op loop gejaag, broer Tony, in Jesus naam, Amen.

Johnathan Bailey

Newcastle, VK

DIE VERSKIL TUSSEN VERLOSSING EN GODSDIENS

(Vervolg vanaf bladsy 5)

onheilige liggaam wees waarin Satan bly? As jy kies om die Liggaam van Christus te word, doen hierdie gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.²¹ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.²² Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.²³ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²⁴ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²⁵ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²⁶ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²⁷ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes

vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁸ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.²⁹ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.³⁰ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.³¹

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.³² Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.³³

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan

nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, “Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal. 3:8-12).

21 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 22 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 23 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh 1:7, Rev. 5:9 24 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 25 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 26 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 27 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 28 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 29 Matt. 21:22, Joh 6:35, 37-40, Rom. 10:13 30 Heb. 11:6 31 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 32 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 33 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA
24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362
www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg April 2013, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo ® Geregistreer April 2013, 2014

Afrikaans—Volume 17800—The Difference between Salvation and Religion